# DIE WOLFHEILIGDOM.

Sit op bloekompaalbankie vroegoggend nog in mistigheid voor die wolwehok.

Die ander diere loop in oop kampe om aan geraak te word. Hulle noem dit ŉ aanrakingsplaas. Kinders wat diere aanraak om deur diere aangeraak te word. Kinders moet aan diere kan vat om gesond te wees en hulle self te kan vind. In hierdie aanraking vind hulle ŉ samesyn en gemeenskaplikheid wat hulle nie meer in mense kan voel nie.

Die wolwe is in ŉ hok. Hulle is nie vir voel of aanraak nie, net vir kyk.

Ek kyk.

Ek probeer iewers in ŉ moegheid wat nooit meer wil weg gaan nie, krag kry vir die geestelikheid van die kerk se vergadering hier by die see. Ek sukkel met my menslikheid. Ek kry dit nie soos die ander opgeoffer om nader aan God te kom nie.

Bid stil dat God iets anders as goddelike krag sal gee vir menslike moegheid.

Hy het stil gelê terwyl die ander heen en weer teen die draad hardloop. Iets in hulle oë wys dat hulle nie kyk nie. Kyk verby jou na iets wat net hulle van weet. Hulle weet lyk amper soos verlang as jy nader kyk.

Hulle noem die hok “Wolf sanctuary”.

Ek sukkel met die laaste woord. Dit klink soos ŉ skuilplek, maar ek weet nie wie moet wegkruip nie. Daar uit die bosse waar ek vandaan kom, is die woord ŉ tyd waar net sekere mense mag jag. In hierdie hok waar net wolwe is, kan nie gejag word nie, dink ek. Wie gejag moet word stap mos buite die hok rond om aangeraak te word vir hulle wat nie aanraking ken nie.

Dit klink ook amper na iets soos ŉ toevlugsoord.

Hierdie wolwe het egter nie hier ŉ heenkome gevind nie. Hulle word hier teen hulle geaardheid aangehou en hulle vlug vir niemand nie. Hulle het daardie oë wat jou in jouself na iets laat vlug waar jy nog nie weet of jy ook daar regtig veilig sal wees nie.

Hy is wakker.

Lui-lekker strek hy hom uit, eers met die voorbene en dan met die agterbene. Ek sien ontspanning raak maar die ander in die hok het verstyf en kyk buite die hok rond.

Hy stap stadig en berekend na die eerste een. Later het ek geweet dit was nog ’n mannetjie. Mens merk die goed nie op as jy nie weet nie.

Hy het by hom kom staan. Net soos die ander diere net die agter my rug besig is om nader te staan om aanraking te soek en eensaamheid in kinders te breek. Ek vermoed aanraking, maar toe hy so ruik-ruik begin, voel ek betasting.

Dit lyk my asof die een wat beruik word ook die betasting voel. Hy gaan lê en vir ’n oomblik sien ek weer ontspanning wat wil saamspeel, maar dit is tog anders. Tussen die wolflaggies en gesteun voel ek bietjie skaam. Hy lê en kyk om nie raak te sien nie, weg van die kyk wat hy kry.

Ek voel ek moet ook nie kyk nie.

Dit is die bene wat my pla. Dit lê so oop dat sy geslagtelikheid wys. Ek sien weer saamspeel maar toe die ander een ruik weet ek dit is om te wys. Dit is blykbaar wat wolwe doen. Dink ek toe.

Die wolfwagter het langs my op die bankie kom sit. Hy wil kyk.

Die een wat nou heeltemal wakker is, stap weer stadig met kop wat laag hang. Eers gedink dit is van nederigheid totdat ek die verstyfde regop hare van die ander een sien.

So tussen die wolflaggies heen hoor ek toe die skaamte wat ek in myself voel vir die een wat lê. Dit is toe dat ek sien dat net die wat lê wolflaggies en wolfsteune gee. Die ander een is stil. Dit is in hierdie stilbly dat ek toe weet dat “sanctuary” nie die plek vir die swakkes, die banges of die bedreigdes is nie, maar vir die heiliges.

Hierdie hok is ’n heiligdom.

Dit het op die verhoog begin. Almal was op ’n tyd saam dominees. Iemand het aangekondig dat daardie tyd verby is terwyl hy so oor al die ander dominees gekyk het na iets wat net hy raakgesien het.

Van toe af het hulle mekaar leiers genoem. Die wat nie saam leiers kan wees nie, word nou die dominees genoem wat hulle moet versorg omdat hulle nou die dominees se leiers is.

Die kerk se leiers sit op die verhoog. Die ander sit onder.

Dit is toe hulle verkies word as leiers dat hulle dit toe begin doen. Elkeen wat hoor hy is ’n leier staan op en dan stap die ander leiers na hom toe en hulle gee mekaar ’n

omhelsing wat my weer laat voel ek moet nie nou kyk nie. Dit is hoe die nuwe dominees wat hulle van die jaar van tevore af self aangekondig het as bemagtigde leiers dit blykbaar doen.

Jy moet kyk wat hulle doen. Hulle noem dit iets soos ŉ genavolgery.

Die snaakse van die geruikery van geslagtelikheid by wolwe is dat dit net een mannetjie is wat dit doen, die Alfa mannetjie, vertel die wolfwagter hier langs my. Dit is nou met net die ander mannetjies. Hy verloor my so bietjie want ek dink aan die sinode se agenda wat die wolwe my nou mee deurmekaar maak, maar gelukkig verduidelik hy verder. Gelukkig vir my. Nie vir die ander wolfmannetjies nie.

"Die aanraking doen iets aan ŉ wolf, dit maak hulle impotent", word hier langs my gesê, terwyl ek daar vanuit die vergadering nou na hom hier langs my op die bankie verskrik luister.

Dit is nie soseer die ruik wat dit doen nie. Dit is daardie manier van wolflaggies en steuntjies gee terwyl jy jou privaatheid moet wys vir hom wat ruik. Dit is seker maar die vernedering dink ek so by myself, want wie kan trots op homself wees om alles so te moet wys, so op jou rug met oë wat nie mag terug kyk op die manier waarop jy bekyk word nie.

Dit pla nog in my na hy geruik het.

Ek dink dit is die opgewondeheid waarmee hulle stertswaaiend tussen die wyfietjies rondhardloop en lek. Lippe-lek! So lippe-lek waarvoor hy weer net die minagting van ŉ grynslag wat soos tandewys lyk kry.

Kan minagting en vernedering opgewondeheid en vrolikheid opwek in iemand wat niks meer kan verwek nie?

Van die nuwe dominees wat nou leiers is sê gebed werk nie. Ek wou nog nooit ŉ gebed laat werk het nie. Leef net in die stille afwagting dat Hy hoor en verhoor.

Ek staan in vir voorportaal. Die geestelikheid begin nie in die saal nie. Dit begin hier voor jy die deure inloop wat almal toemaak.

Dit is die leier van die leiers wat by my kom staan en na my kyk.

Dit is toe hy my hand vat wat ek vir hom gee om die aanraking van medemenslikheid te deel dat ek sy ander hand voel. Dit is op my rug net onder die skouer. Hy wil weet van my kinderjare, my jeugjare, my liefdeslewe, my gemeente, hulle geld, gesindheid, hulle vrese en probleme, my roeping en diens aan God en aan die dieptes van my geluk en ongeluk.

Ek moet dit alles in ’n oomblik wys terwyl ek die ongemak voel hy luister na iets anders as wat ek sê.

Dit is toe dat ek weet dat ek met ’n teken verhoor is op ’n manier wat die leiers sê dit nie meer mag werk nie. Ek voel betasting en ’n dwang dat ek moet wys terwyl vir my gekyk word op ’n manier dat ek weet dat wat ek vertel en gee, nie gesien word nie, dat ek bekyk word vir iets wat ek nie wil of gaan wys nie.

Tekens wat die Here gee doen dit.

Dit het Gideon wat nie ’n leier was nie laat doen wat die leiers nie kon doen nie. Ek dink toe dat ek die spel van betasting dalk kan verander met aanraking. Dit is wat aanraking met kinders doen. Dit verander eensaamheid na gemeensaamheid. Ek sit toe my ander hand ook op sy rug en vryf dit so bietjie om te wys ons is saam en ons hoef nie eensaam te wees nie.

Saam dominees, saam mense.

Toe hy verstyf en alle aanraking verbreek, met ’n kyk wat verwyt en beskuldig, weet ek dit is nie meer ’n speletjie nie. Dit is seker wat die wolwe gesien het wat ek nie kon sien nie terwyl hulle gelag en gesteun het en ver buite die hok probeer uitkyk het: dit was nog nooit regtig ’n speletjie gewees nie.

Skielik is ek ook nie meer minderwaardig omdat ek nog nooit in die portale saam kon lag en kon steun nie.

Hy het dit gewys toe ek hom wou aanraak. Vat is net vir leiers en daar is nie iets soos ’n oor-en-weer-gevattery nie. Wie gevat word, moet wys, nie terugvat nie.

Dit is toe dat ek voel ek het ook ’n plaas soos die kinders nodig. ’n Plaas waar daar nog ander is wat aangeraak kan word en wie kan aanraak. Ek verstaan toe ook die moegheid van die eensaamheid van menslikheid in hierdie see van geestelikheid.

Toe die leier van die leiers later op die verhoog sy stem verhef en met oë wat weer oor alles en almal kyk, vertel dat alles nou anders gaan wees, dominees en ouderlinge gaan nie meer praat en besluit nie, die leier gaan nou sien en gevolg word, toe weet ek hoekom almal so vrolik en opgewonde is.

Lippe-lek is ’n manier om te wys jy sal nooit weer jouself wees nie. Dit is nie die soeke na intimiteit nie, nog minder is dit die blydskap en opgewondenheid van ’n eie toekoms wat geskep kan word.

Die leier van die leiers kondig toe ook aan dat elkeen wat nie ’n leier is nie nou versorg gaan word. Die leiers gaan leiers aanstel vir die dominees alles moet wys. Verskrik onthou ek toe die wolfwagter se woorde oor wat wolwe doen met ’n wolf wat nie wys nie. Dit is nie die Alfa mannetjie wat die een wat nie wys, verskeur nie. Dit is die hele trop.

Ek het toe uitgestap.

Bang en deurmekaar het ek oor die Heilige gewonder maar toe die teken verstaan. ’n Heiligdom is nie die toevlugsoord vir hulle wat heenkome soek nie. Dit is ’n hok om die wolwe van die skape weg te hou.

Stil het ek die Heilige met ’n verkwikte menslikheid gedank dat Hy geestelikes in heiligdomme aanhou om mekaar daar te beruik, te belag en te besteun, sodat Hy hulle van die plaas waar Hy die Herder van sy skape is, weg kan hou.

Hoe vertel jy aan ’n leier dat hy nie aan jou moet vat omdat jy aangeraak is nie?

ds. PJ Kriel